

## Augustus 2013


Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Baie dankie aan Freda Green wat die volgende interessante inligtingstuk saamgestel het.


### William Howard Schröder (1851-1892)

William Schröder was die oudste van tien kinders. Sy vader was 'n koetsier, seun van 'n Kaapstadse skoenmaker van Duits-Joodse afkoms. Die gesin was arm, dus moes hy op veertienjarige ouderdom begin werk. Hy werk vir 2 Kaapse fotograwe, R.B.F. Lowe (1866) en S.B. Barnard (1866-1878). Sy taak was om portrette in te kleur. Beide hierdie fotograwe was ook kunstenaars, dus moes Schröder baie by hulle geleer het, aangesien hy geen heeltydse kunsopleiding gekry het nie. Hy het wel deeltyds 'n kunsskool in Roelandstraat bygewoon.

In 1871 vertoon hy 3 olieverfskilderye op 'n uitstalling van die Fine Arts Association en wen die volgende jaar hul prys vir die beste akwarel deur 'n amateur. In 1877 word hy kurator van die vereniging se kunsgalery en drie jaar later doen hy die monteerwerk van baie van die gravures en etse in hul versameling. Later word hy tekenonderwyser aan die kunsskool in Roelandstraat. Hy adverteer ook in die pers. Hierna word sy werk meer bekend en gewaardeer.



William Schröder



The Race for the Presidential Cup of the South African Republic, 1892.



Dr. ENGELENBURG, Editor of the *Volkstem*, a native of Holland, and a most energetic townsman.


Dr. W. J. LEYDS, State Secretary, and Member of the Executive Council. He is doubtless the most worked official in the Government service. He is Government Commissioner for the National Bank and Netherlands Railway Co., and socially he is very popular amongst all nationalities in the Republic.

Hy sukkel egter om 'n bestaan te maak vir homself en sy aangroeiende gesin (hy is in 1876 getroud met 'n assistente, Anne Turner, wat saam met hom by S.B. Barnard se ateljee gewerk het). Hulle verhuis in 1889 na die pas gestigte Johannesburg, maar ook hier word hy in sy verwagtings teleurgestel. Hy gaan gevolglik na Pretoria, waar hy in Maart 1891 deel word van die personeel van De Pers, met Leo Weinthal as redakteur. Op 3 Augustus 1892, op 40-jarige ouderdom, sterf hy aan longontsteking. Reeds vanaf sy jeug is sy gesondheid weens tuberkulose ondermyn. Met slegs 22 jaar van artistieke werksaamhede op sy naam, was die gehalte en omvang van sy oeuvre verbasend en kan hy met reg beskou word as een van die beste portretkunstenaars wat Suid-Afrika nog opgelewer het. Die grootste gedeelte van sy werk bestaan egter uit pentekeninge wat hy in potlood en Indiese ink geteken het. Dit sluit ook portrette van vooraanstaande Suid-Afrikaners van sy tyd in, ondere ander die een van President Kruger wat in die Raadsaal hang. Sy tekeninge is tussen 1870 en 1888 in minstens nege tydskrifte in Kaapstad gepubliseer, en ook later in Pretoria.

### **De Pers/The Press**



Eerste gebou van De Pers/The Press



Leo Weinthal

In 1889 stig A.H. Nellmapius 'n drukkery in Pretoria en twee koerante, De Pers ('n weekblad) en The Press, wat twee keer 'n week verskyn en later 'n dagblad word.

De Pers en The Press begin in 'n klein geboutjie op die noord-westelike hoek van Koch (Bosman) en Vermeulenstraat. Na William Schröder se dood in 1892, is hy opgevolg deur Anton van Wouw. In 1894/95 trek die koerant na 'n dubbelverdiepinggebou in Kerkstraat. In 1899 sluit die koerant (*Young Pretoria, 1889-1913*, p. 84-85).

### **Leo Weinthal (1865-1930), redakteur van The Press/De Pers**

Leo was van Duitse afkoms en opgevoed in die Joodse geloof. Hy studeer in Hamburg, Duitsland asook aan die Grey Institute in Port Elizabeth as fotograaf. Hy vertrek in 1887 na die Z.A.R. en sluit in 1889 as staatslitograaf by die Departement van die Landmeter-generaal in Pretoria aan. Hy stel egter belang in joernalistiek en word in 1888 die hoofagent van Reuter in Transvaal, 'n betrekking wat hy tot 1897 behou. Hy verteenwoordig ook The Times en die Daily Telegraph (Londen).

Toe die redakteur van The Press/De Pers in 1891 bedank, word Leo sy opvolger. Die koerant steun konsekwent die Krugerregering. Met Nellmapius se dood in Augustus 1893, raai Leo die Randse mynmagnaat J.B. Robinson, wat ook 'n ondersteuner van die Krugerregering is, aan om sy koerante te koop.

Met die Jameson-inval bots Leo egter met die regering as gevolg van 'n verslag wat hy in 1896 oor die Transvaalse perswet publiseer. Leo haal hom Dr. W.J. Leyds se vyandskap op die hals en kry met Robinson stry, en voel hom genoodsaak om te bedank. Leo gaan vir 'n ruk Natal toe, maar keer in 1898 terug en begin die middagblad *The Pretoria News* wat vandag nog verskyn. Met die uitbreek van die oorlog in 1899 tree hy op as spesiale oorlogskorrespondent vir verskeie Amerikaanse koerante. Na die Britse besetting van Pretoria in Junie 1900 vertrek hy op mediese advies na Londen. Daar stig hy in 1905, met die geldelike hulp van Beit, 'n geïllustreerde weekblad, die *African World and Cape to Cairo Express*, asook die *Anglo-German Courier*. Hy reis baie in Afrika, en later stel hy gids- en reisboeke uit persoonlike waarneming op. Hy was aanvanklik 'n vurige ondersteuner van die Z.A.R., maar later word hy 'n geesdriftige kampvegter vir die denkbidealde van Rhodes, Beit en ander, wat droom van 'n Afrika onder die Britse vlag. Sy vernaamste werk is 'n ensiklopediese publikasie in vyf dele, *The story of the Cape to Cairo railway and the river route from 1887 to 1922* (1922-1924), waarvan hy die hoofredakteur en samesteller is. Hy skryf ook 'n biografie van J.B. Robinson: *Memories, mines and millions* (1929). Hy sterf in Londen in 1930.

### **Bonne:**

- De Kock, W.J., Beyers, C. J., Krüger, D.W., & Basson, J. L. 1972. Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek. Kaapstad : Tafelberg.
- Allen, Vivien. 1971. Kruger's Pretoria. Kaapstad: A.A. Balkema.
- Holm, Albrecht. 1993. Mure wat praat : die verhaal van die ou Raadsaal en sy mense. Johannesburg: Van Rensburg. [Skildery van President Kruger, p 50.]
- Dunston, Lola. 1975. *Young Pretoria 1889-1913*. Pretoria: Lola Dunston.

[Die spotrent heel bo aan die regterkant is die laaste spotrent wat Schröder voor sy dood geteken het: "The Race for the Presidential Cup of the South African Republic, 1892." Die voorste persoon wat besig is om van sy perd af te val is Genl. Joubert en sy perd se naam is Zelf Vergrooten; die tweede persoon, met die karwats reg om te slaan, is regter Kotze en sy perd se naam is Regtsgelerde; en die derde is natuurlik pres. Kruger op die perd Patriot. Nadat Kruger gewen het is Anton van Wouw gevra om 'n opvolgspotrent te teken.]

Hier volg 'n opsomming van berigte wat in die koerante verskyn het in daardie tyd.

De Volksstem, 89-07-18

Schröder woon vergadering by om bouplanne vir die Duitse kerk te bespreek [dit is heel moontlik Luitenant De la Court Schröder, broer van die kunstenaar].

De Pers, 1889-08-03

Die eerste uitgawe van De Pers gepubliseer. B. Gluckstein was die redakteur.

De Pers, 1889-09-21

Die tekenaar Schröder kom in Johannesburg aan. Hy is die broer van Luit. Schroeder van die Staatsartillerie, en is op die oomblik besig met 'n groot portret van president Kruger in olieverf. Die grootte van die portret is 9 vt x 6 vt.

De Pers, 1890-05-17

Schröder se portret van president Kruger word tans in die Volksraadsaal vertoon.

De Pers, 1890-07-01

Mnr. Reek stel sy saal beskikbaar vir 'n opvoering deur die Thespian Club. Mev. Franchimont en mnr. Proost speel 'n duet vir viool en klavier. Mnr. Weinthal en mnr. Peereboom voer 'n burlesque op.

De Pers, 1890-08-20

Die portrette wat die kunstenaar W.H. Schröder gemaak het van kapt. Von Brandis en pres. Kruger word tans in Burmester se winkel uitgestal.

De Pers, 1890-12-03

Die kunstenaar W.H. Schröder is tans besig met 'n skildery van oud-pres. Pretorius.

De Pers, 1891-01-03

Mnr. Weinthal het opgetree op 'n kersfeesparty-konsert by Hatherley.

De Pers, 1891-03-20

Die kunstenaar W. Schröder sal van nou af illustrasies vir De Pers doen.

De Pers, 1891-03-28

Leo Weinthal is nou die redakteur van De Pers.

De Pers, 1891-04-01

Die eerste van Schröder se reeks 'Portretgallery' [1] verskyn in die koerant. Dit is 'n skets van die posman Leemans. [Later verskyn daar o.a. portrette van Dr. Krauze, Regter de Korte, Kriketspelers, Sir Jacobus de Wet en C.J. Joubert.]

De Pers, 1891-04-01

A.H. Nellmapius, eienaar van De Pers, maak 'n hofsaak teen B. Gluckstein, huurder van De Pers. Die hofsaak word volledig in die koerant bespreek. Nellmapius vra dat Gluckstein belet word om enige boeke en papiere van De Pers te vervreem en ook dat hy belet word om enige gelde te kollekteer wat nog aan De Pers verskuldig is.

De Pers, 1891-04-01

Leo Weinthal se aanvraag vir ontslag as staatslitograaf is toegestaan.

De Pers, 1891-04-15

Een van die eerste van 'n reeks spotprente deur Schröder verskyn nou ook in die koerant. Hierdie een is getiteld: 'Onze generaal as Amajuba-spoek'.

De Pers, 1891-05-20

Schröder het 'n skets gemaak vir die begrafnis van A.W.J. Pretorius. Dit is 'n afbeelding van 'n skildery wat in familiebesit is.

---

Dit is ongelukkig so ver as wat my koerantversameling op die oomblik is. Ek hoop om eendag nog koerante op mikrofilm aan te koop.

Schröder was nog betreklik jonk [41 jaar oud] toe hy oorlede is en na sy dood het dit finansieel nie goed gegaan met sy weduwee nie. Die koerant het toe in 1894 'n boek "The Schroeder Art Memento" uitgegee waarvan die wins aan haar geskenk is. Dit is 'n ongelooflike boek. Van die beskermhere van die boek was o.a. Pres. Kruger, Sir Henry Brougham [goeverneur van Natal], F.W. Reitz [President van die Vrystaat], Cecil John Rhodes, Alfred Beit, Dr. W.J. Leyds en G.A.A. Middelburg. Elkeen van hulle het 'n huldeblyk in hul eie handskrif geskryf wat in die boek afgedruk is. Daar is ook 'n baie mooi skets deur Anton van Wouw van 'n engel bokant die graf. Die res van die boek bestaan uit sketse deur Schröder. Terloops, die naam op die buiteblad van die boek is Schroeder en nie Schröder nie. Ek dink nie hulle het die regte sierletters gehad om 'n ö te druk nie. Ek het die boek in .JPG formaat op my rekenaar en as iemand belangstel kan julle 'n kopie kom haal.

Groete tot volgende maand,  
Rosa Swanepoel

---

Van Danie Erasmus

Weet jy dalk of daar navorsers is wat vir my 'n reeks artikels sal soek in "Ons Vaderland" in 1941 genaamd "DIE LEWE VAN OUD-KMDT B.J. DE LANGE"? Hy vertel die geskiedenis van die Z.A.R. en Pretoria en omgewing. Dit is gepubliseer na sy dood op 93-jarige ouderdom. Ek beskik ongelukkig nie oor sy sterfdatum nie.

Groete, Danie Erasmus

Van Niel Bester

Author: Jan Lion Cachet

Title: Jacob Phillipus Mare 1823-1900: Sy herkoms en Familie

Ek het gehoor dat bg. boek geskryf was. Weet egter nie hoe om een te kry nie; sou graag een self wou verkry. Kan iemand miskien help?

Groete, Niel